Ps. 116: 12.
Ps. 89: 7.
Ges. 77: 4.

# Eeufees: Danksegging.

Ps. 116.

Okt. 1940.

Ps. 116: 12 – Wat sal ek die Here vergeld vir al sy weldade aan my?

Hd. teks word gew. gekies m.d. oog op d. dankfees v. 'n gemeente, waar die dankoffer gebring moet word. Kies dit egter v./o. nie om oor geld. dankoffers te praat nie, nor. oor die dankoffer wat ons as gemeente geroep word om te bring na die onlangse Eeufeesvieringe – 'n dankoffer wat baie dieper gaan as geld. Juis daarom kies ons die teks omdat dit vir ons die ~~regte~~ (1) gesindheid openbaar wat elke lid v.d. gem. behoort te besit na die afgelope vieringe (2) pad aanwys – behoort te bewandel.

Daar is veral 3 gedagtes in teks wat ons n wil voorhou v/o, gedagtes wat baie mooi aansluit by ons fees v.d. afgelope paar dae. Ons sien hier:

I Dankbare Terugblik van 'n Verloste:

II Behoefte aan Dankbetoning

III D. antw. v. 'n dankbare hart.

I 'n Dankbare Terugblik v. Verloste:

Die ps. word genoem die danklied van 'n verloste omdat

die skrywer hier terugkyk op die pad
wat verby is en sien hoe wonderlik
Gods leiding met hom en sy volk
was. Hy dink aan al d. voorregte wat
hy geniet het, aan al die seëninge
wat God hom geskenk het en in
groot dankbh., oorweldig deur d. goed-
heid v G roep hy uit:
Wat sal ek die Here vergeld vir al
sy weldade aan my? / Ook ons het teruggekyk 100 jr. – Gods leiding
As ons terugdink aan al die verrig-
tinge v.d. naweek en oordink die pad
waarlangs God die gem. v Wt. gelei het, watter
woorde kan ons vind, meer gepas as
Ps. 116: 12 – Wat sal ~~ek~~ ons d. Here . . . ?
Ons dink aan al d. herinneringe
wat die sprekers by baie v. ons opge-
wek het: aan vrome vaders en moeders,
aan troue vriende + vriendinne, ~~aan~~
~~gelukkige + aangename tye~~, aan godvrug-
tige godsmanne wat d. gemeente hier
voorgegaan het! Hoeveel van u het
nie in u verbeelding weer die gestaltes
van 'n Andrew Murray, Jan Albertyn,
Vader Pauw, Prof. Malan e.a. sien oprys
nie? ~~en~~ Hoeveel van u u weer voorgestel
hoedat hulle hier gestaan het om
Gods Wd te verkondig? Wie nie gedink
aan u Sondagskool- of Katkisasiedae?
Aan tye v. verkwikking + herlewing in

'n eie harte en in die gemeente?
Wie nie d. dae van u jeug voer 'n
sien opstyg & gedink aan die ondervinding
ontvang a.d. knie v. 'n vrome vader
of dierbare moeder of geliefde onderwyser?

~~Al die dinge het in ons harte~~
By dit alles was daar in ons harte
die oorstelpende gevoel v. dankbaarheid
~~gewek~~ en het baie van ons in die stilte
getuig: Werklik, God was goed vir
ons, Hy was goed vir Wellington!

Ons wil nie verder diep ingaan nie. -
[nr] noem net die onberekenbare invloed wat van hierdie Kerk & hd. gemeente uitgegaan het
op alle gebiede v. ons gemeentelike en
volkslewe:

Is dit nie die minste van ons plig
om uit te roep:
„Wat sal ~~ek~~ ons d. H vergeld - . . – "

Dit lei ons vanself n. ons 2e gedagte.
~~II~~ Die woorde openbaar:

II Die Behoefte aan Dankbetoning by dye B.

Enige regaarde en opgevoede mens
het d. behoefte om sy dank te betoon
waar daar 'n guns of goeie daad aan
hom ~~betoon of~~ bewys is. So soek die
skrywer van hd. psalm om sy dankbaarheid
[aan] te uit op een of ander manier juis
omdat die Heer so goed was. Hy besef
dat hy nooit kan terugbetaal alles wat
hy ontvang het nie, maar hy voel

tog: Al kan ek nie baie doen nie, ek kan tog iets verrig om d/nee my dank aan God te bewys. (1) Hy besef dat as sy dankba werklik opreg is, dan ~~moet~~ sal dit nie bly by woorde nie, mr moet dit hom uit in 'n daad, in 'n bewys wat hy aan die hele wêreld gee, dat hy dankbaar en bly voel vir al die weldade aan hom bewys.

(2) Besef ook: Kostelike geleenthede wat God bied om dit te wys

En vriendes as daar ooit 'n gemeente is in ons land wat moet soek om sy dankba te bewys dan is dit Uitenhage. Daar is seker andes gemeentes in ons land wat op sekere besondere spesiale terreine miskien 'n groter voorreg geniet het as ons, mr. alles tesaam geneem is daar seker g'n enkele gemeente in ons land wat soveel voorregte geniet het in sy bestaan as het in die afgelope 100 jr.

En nou vr: Het die feesviering werklik ad. skerp behoefte by ons gewek om ons dankba te betoon? En is dit by ons 'n begeerte om dit nie alleen in woorde, mr ook in 'n daad te betoon? Het ons werklik so diep onder die indruk van ons gem. se wond. gesk. gekom dat ~~ons~~ daar by ons die brand. begeerte gekom het om iets te doen om ons dankba te bewys?

Ons dink nie hier aan die gee van geld nie – ons dink baie meer aan die kostelike geleenthede in ons midde om ons dankbd te bewys. Dink aan al d. probleme ^ Daar is:

- gebrek aan sendingywer
- kerkloosheid v. ons eie mense
- probleem v.d. jeug weer terug te bring na die kerk.
- flou gevoel v. eenheid wat ons as kerk se verhoudinge kenmerk

Gaan ons iets daaraan doen? Is daar behoefte om te se: Here, hier!

Kom ons kyk wat die ps. se antw. was: II) Die antw. van 'n dankb. hart:

„My geloftes sal ek aan die Here betaal in die teenwoordigheid van sy ganse volk."

Dit was die antw. wat díe man ons gee – die toewyding van sy hele hart en lewe aan God. In die woorde sien ons sy bereidwilligheid om alles aan God te gee, om die oproepe wat tot hom gekom het, nie te weerstaan nie, mr te antw. met sy hele hart.

Ook tot ons as gemeente het daar verlede naweek oproepe gekom, baie ernstige roepstemme deur die manne wat voor ons opgetree het. Vir elkeen van ons was daar natuurlik besondere,

wat getref het,
uitstaande dinge gewees, nl. tot ons almal het daar aantal 3 roepstemme gekom wat ons seker nie mag verontagsaam nie. Nl. veral 3 name, beklemtoon in toesprake van versk. sprekers: 3 geloftes wat betaal moet word:

① ~~Roepstem~~ Oproep op meer opregte Xt. lewe //

Vir elkeen van ons wat aandagtig geluister het na d. gesk. van ons voorgeslag het dit baie duid. geword dat ons voorvaders, die Hugenote wat hulle hier kom vestig het in d. Wag. vallei, manne & vroue was wat ① God geken & gedien het. ② manne & vrou wat vroom opreg. en eerlik was in die diepste sin v.d. wd.

En vriende, het d. gedagte nie by u opgekom dat as ons werklik getrou wil bly aan ons groot verlede, ons sekerlik 'n meer opregte Xt. lewe moet lei nie? As daar ooit 'n tyd was wan(n)eer dit dringend noods. is dat ons aan die roepstem gehoor sal gee, dan is dit vandag. Ons mag nie ontrou wees aan die roepstem nie. As ons feesviering waarlik iets wil beteken dan moet dit ons dring tot = 'n opregter X. lewe

= meer Xtel. liefde

= groter eenheid in X. [illegible]

Sal ons nie begin bid dat dit moet kom nie?

Nog 'n ~~[illegible]~~ oproep, baie ernstige:

② **Behoefte aan meer Sendingarbeid:**

Niemand wat die pleidooie van Eerw. Breedt en Ds C.P. Pauw gehoor het, kon ongeroerd gelaat wees. Gwarsdeur al die toesprake het tot ons gespreek die unieke rol wat Ned. gemeente op sendinggebied gespeel het in die verlede. Mr. sterker nog het gekom die oproep om meer sendingwerk, meer belangst. en liefde vir die sending. // Nooit mag ons vergeet dat die Xten en die Kerk wat sendingwerk nalaat, sy roeping ontrou word (hoogste opdrag). // En ons kan nie wegkom v.d. dring. nood v.d. sending in ons midde nie - die behoefte aan meer pers. sendingwerk, wat elkeen v. ons aan ons bediendes, werkvolk kan+ moet verrig. Ons dink ook aan al die wantoestande wat daar heers onder ons Kleurlingbevolking. Wie se skuld is dit? Sal die Here nie gee dat uit hd. Een fees daar 'n kragdadige poging van ons as gemeente sal uitgaan om hd. eenmaal vir altyd uit die weg te ruim? Sekerlik mag ons nie ons eie volksgrense bewaar nie, mr dit neem nie weg dat God v. ons sal eis dat ons ook hier ons gelofte sal betaal soos ons vaders en voorvaders dit gedoen het! ~~[illegible]~~!

Derde laasteopreep (8) :

③ **Noodsaak van intensiewer Jeugbearbeiding:**

Saam met ons ander geloftes wat ons gevrae word om te betaal is daar die gelofte gedoen by die doop huwelik en die doop: om ons kinders op te voed in die vrese v.d. Heer. Ook hier het die Eenfees ons opnuut ons taak aangewys: om van ons jeng manne en vroue te maak wie se lewens ware getuienisse sal wees vir J.C. //

Nooit mag ons vergeet dat die jong jeug lidmaat 'n V. v/d. is d. gemeente van môre — die jongelingsjare die tyd neem ons ons seuns & dogters moet wen vir X-s.!

(1) ① Sal die Eenf. nie dit bring dat ons as ouers opnuut onsself & ons huise aan God sal toewy nie! // want as ons hulle nie wen: kerkdeure toesluit.

NB as die kind in sy huis nie reg gelei word nie, sal dit alleen 'n wonder v God hom buite sy huis op d regte weg bring! //

② Liewe Ouers, Gemeentelede, vriende v.d. Jeug, As daar ooit tyd was intin ons moet saamstaan om jeug vir ons Meester te wen: Vandag!

(2) ② Jongmense — ook verantw. — gaan julle ons help of nie? Ons wil graag help — gaan julle ook gewillig wees om gehelp te word? Meeste Kanse teen julle — styd baie swaar. Maar.

Geliefde Gemeente. Ons gaan 'n nuwe eeu tegemoet - alles is anders as 100 jr gelede. Daar is soveel honderde dinge wat v.d. teen ons tel wat destyds nie getel het nie - ons stryd sal soveel swaarder wees. Mr het Jesus nie gesê: Moenie vrees nie, want kyk Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding v.d. wêreld.

God was met Wt. die afgelope 100 Jr: ons gaan d. toekoms in met die abs. versekering:

God is ook met ons.

Mr. dan moet ons ons deel doen, ook ons ons geloftes betaal. Sal daar nie uit h.d. Eeufees 'n tasbare geloofsdaad te voorskyn kom nie? ~~Mag altyd in d. verlede was d. Kerk hier op die bult die wegwyser vir d. gemeente en d. omgewing, leiding uitgegaan. Ook vir die toekoms moet die Kerk weer die leiding aanwys op alle gebied~~

Wat sal ons die Here vergeld vir al Sy weldade aan ons?

~~Die Here wag op ons antwoord.~~

Mag uit h.d. D/diens vloei 'n D/daad tot ere v G.

Amen.